TEMA GEBED – suurstof vir die gelowige

Jaargang 17 no 5
Mei 2008

- **Hulle wat hierdie Naam aanroep 2**
- **Ons bid (met) te veel 4**
- **Hoe leer ek my kind bid? 6**
- Kerknuus 8
- Gestuur na die wêreld 10
- Vertroue - stap 2 13
- Gilead 16
- Onderhoud met Ben van der Lugt 18
- Te gevestig om te getuig? 22
- Boekenuus 23

Ek skets vir u die volgende scenario: boetie verjaar, en sy pa en ma gee vir hom 'n pragtige geskenk, iets wat hy al lankal wou gehad het. Hulle het dit pragtig in geskenkpapier toegedraai, en wag gespanne dat hulle seun dit met opgewondenheid moet oopskeur; hulle wil graag sy blydskap aanskou wanneer hy sien wat hulle vir hom gekoop het. Om een of ander rede besluit boetie dat hy die geskenk nie gaan oopmaak nie, maar eerder binne-in die geskenkpapier gaan los. Hy laat die geskenk eenvoudig waar hy dit gekry het.
Enkele dae later is boetie ongelukkig; hy voel verontreg, hy voel asof hy niks by sy pa en ma kry nie. Intussen staan die geskenk nog onaangeraak. Daardie pakkie met geskenkpapier om is sy pa en ma se geskenk aan hom. Al wat hy moet doen, is om dit oop te maak…

Gelowiges is dikwels soos boetie.
Ons kry van die Here alles! In die gevleuelde woorde van Calvyn: "In sy Gesalfde bied Hy ons al die geluk in die plek van ons ellende en oorvloed in die plek van ons gebrek. In Hom maak Hy die skatte van die hemel vir ons oop sodat ons geloof sy geliefde Seun ten volle kan aanskou..." (*Inst* III.20.1). Maar hoekom voel ons dan dikwels asof ons so min van God kry? Hoekom voel ons dikwels so verontreg? Want, sê Calvyn, al hierdie oorvloed moet ons wel in ons gebede van Hom afbid! "Andersins sou, om te weet dat God die Here en Gewer van alle goeie dinge is wat ons uitnooi om dit van Hom te vra, maar Hom nie te nader en daarom te vra nie, dit vir ons net soveel voordeel inhou as wanneer 'n skat vir iemand uitgewys is en hy dit begrawe en verborge in die grond laat bly… Gevolglik kan ons sien dat geen belofte aan ons voorgehou word om van die Here te verwag sonder dat ons ook gebied word om dit in ons gebede van Hom te vra nie. Dit is daarom waar dat ons met ons gebede die skatte uitdelf wat die evangelie van die Here vir ons aangedui het en wat ons geloof al aanskou het" (*Inst* III.20.2).

Die Here gee aan ons sy volle arsenaal van beloftes, maar dit word slegs werklikheid wanneer ons daarvoor bid, wanneer ons in gebed die skatte van God se genade uitpak. Hy wil, ter wille van die lewendige omgang, graag gebid word. Leer daarom bid! Leer jou kinders van kindsbeen af bid (sien artikel van Heleen Snijder), en leer om op die regte manier te bid (sien die artikels van di Viljoen en De Boer).

Die gereformeerde uitspraak is egter nie verniet 'bid en werk' nie. As redaksie wil ons daarom in besonder ook u aandag vestig op die artikel van ds Boon – hy sit die gesprek voort wat ds Kleijn in die Maart-uitgawe begin het oor die manier waarop ons as gelowiges binne 'n veranderende en onrustige Suid-Afrika behoort te lewe. 'n Boeiende diskussie…

Ds Erik van Alten

Hulle wat hierdie NAAM AANROEP

TEMA: Gebed – suurstof vir die gelowige

Bid ons <u>tot</u> Jesus of <u>deur</u> Jesus? Die vraag kan misleidend eenvoudig klink.. Agter hierdie vraag lê 'n hele bondel implikasies vir ons geloof, ons gebed en ons hele liturgie as gemeente. Die antwoord op hierdie vraag raak die hart van ons Christelike geloof. Dit raak ons verstaan van Jesus Christus as die Seun van God wat mens geword het. Anders gesê – die plek wat aan Christus in ons gebede gegee word, is 'n uitdrukking van hoe ons God ken. Dit is 'n aanduiding van ons verhouding met God wat mens geword het.

…terwyl hulle God geprys het

Dag vir dag het hulle eendragtig volhard in die tempel, …terwyl hulle God geprys het en in guns was by die hele volk. Só beskryf Lukas in die tweede deel van sy vertelling (Handelinge) dit wat kenmerkend was vir die gemeente van Jesus Christus kort na sy hemelvaart (Hand 2:46-47). Dié wat hulle in geloof oorgegee het aan Jesus Christus, het glad nie verslap in die gebed tot God in die tempel nie. Hulle was juis "in guns by die hele volk". Dit is nogal veelseggend! Christene wat nie ewe skielik 'n ander God aanbid as die enige Here van Israel nie!

Hierdie Christene het God in hul gebed steeds geprys in die tempel. Hierdie gebed tot God het steeds in die tempel gebeur. Geen Israeliet sou kon dink dat die volgelinge van Jesus van Nasaret 'n ander God in gebed aanroep en prys nie. Terwyl Petrus in die tronk was, het aanhoudende gebede tot God deur die gemeente vir hom opgegaan (Hand 12:5).

…hulle wat U Naam aanroep

Intussen het alles tog nie ongestoord aangegaan nie. Daar was 'n baie ywerige aanbidder van God, wat tog onrustig geword het oor die gebede van die volgelinge van Jesus. Hulle kom nou wel steeds in die tempel vir hulle gebede. Tog het daar iets verander. Hulle het God aanbid, maar hierdie God is Jesus. Dít het Saulus (later Paulus) baie goed raakgesien. Hy het volmag van die owerpriester gekry om almal wat Jesus se Naam aanroep, gevange te neem (Hand 9:14).

Bid ons <u>tot</u> Jesus of <u>deur</u> Jesus?

Trouens, die manier waarop Christene geken en genoem was, is juis hulle wat "die Naam van Jesus aanroep". Só spreek dieselfde Paulus, wat eers die Christene gevange geneem het vir hulle gebede wat tot Christus gerig was, later die gemeente in Korinthe op hierdie manier aan: "…aan die gemeente van God wat in Korinthe is, aan die geheiligdes in Christus Jesus…saam met almal wat die Naam van onse Here Jesus Christus in elke plek aanroep…" (1 Kor 1:2). Hulle wat deur God in Christus geheilig is, is tegelyk hulle wat die Naam van ons Here Jesus Christus aanroep. En dit gebeur nie meer net in die tempel in Jerusalem deur Jode wat tot geloof gekom het nie. Hierdie gebede tot Christus word "op elke plek" gebid!

Timotheüs word deur Paulus aangemoedig om in sy werk as medewerker in die uitdra van die evangelie homself beproefd voor God te stel. As Timotheüs 'n werker wil wees wat hom nie hoef te skaam nie, dan moet hy 'n rein lewe najaag in gemeenskap met hulle wat daardeur gekenmerk word dat hulle die Here (Jesus) uit 'n rein hart aanroep (2 Tim 2:22). Almal wat Hom aanroep, mag deel in die groot genade van God. Daar is werklik geen onderskeid meer nie. Dit word nog in soveel woorde geskryf aan 'n gemeente wat vir ten minste 'n groot deel bestaan het uit gelowiges met 'n nie-Joodse afkoms. Die gelowiges in Rome mag weet dat hulle glad nie tweederangse lede van die volk van die Here is nie. Dieselfde Here is Here van almal en is ook ryk met sy genade "oor almal wat Hom aanroep" (Rom 10:12).

Die aanroep van die Naam van Christus in gebed (gesamentlik of individueel) is een van die handelsmerke van Christen-wees. Dit is wat gelowige Jode en nie-Jode onderskei het van Jode wat Jesus as Messias verwerp het. Die belofte van die profeet Joël was: "Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word" (Joël 2:32). Sonder enige huiwering is dit deur die apostel Paulus na sy ontmoeting met die verheerlikte Christus toegepas op gebede wat gerig is tot hierdie Jesus. Daar is verlossing vir hulle wat Christus as Here aanroep (Rom 10:13)!

Hoe die gebed regstreeks tot Jesus 'n plek gevind het in die eerste gemeente, sien ons in die gebed van Stefanus wanneer hy gestenig word oor sy getuienis oor Jesus. Stefanus sien Christus in die hemel wanneer hy sy oë opslaan na die hemel. Daar sien hy die heerlikheid van God en Jesus wat staan aan die regterhand van God. Daaroor getuig hy

teenoor die verharde Jode: "Kyk, ek sien die hemele geopend en die Seun van die mens aan die regterhand van God staan."
Alle klem is op Jesus wat op die troon van God staan as mens!! Hý is die Een wat aangeroep word. Hý en God is werklik een. Israel mag weet die Here ons God is een Here.
Dit is juis hierdie getuienis oor Jesus wat as Seun van die mens op die troon van God staan, wat die Jode hulle ore laat toedruk en skreeu en soos een man op Stefanus laat afstorm. Wanneer hulle hom dan buite die stad sleep en begin stenig, doen Stefanus wat kenmerkend van die Christene is. Hy roep die Here aan. Hy bid tot die Here. En wie is hierdie "Here"? Hy bid: "Here Jesus, ontvang my gees!" (Hand 7:55-60).

Dit is hierdie getuienis oor en gebed tot die Seun van die mens op God se troon, waarvan Saulus 'n toeskouer was terwyl Stefanus gestenig word (Hand 7:58). Trouens, Stefanus se getuienis oor Jesus as die Een wat as Seun van die mens op God se troon is, word verseël wanneer hy sterwende nog weer tot Jesus bid: "Here, reken hulle hierdie sonde nie toe nie". En hierdie gebed word heel konkreet verhoor deur die Seun van die mens, wanneer Hy vir Saulus op pad na Damaskus as Here van die heerlikheid van God ontmoet. Saulus wil húlle vervolg wat hul gebede tot Jesus van Nasaret bid. Maar Saulus, die ywerige Fariseër, word self een wat die Naam van Christus aanroep en selfs sy "ontydige" apostel en getuie!

Die Here en sy Gesalfde

Moet ons die gebed tot God die Vader heel skerp onderskei van gebed waarin Christus aangeroep word? Dit lyk tog asof die gebed tot God en die Seun van die mens probleemloos met mekaar geïntegreer is. Nadat Petrus en Johannes voor die Joodse Raad verskyn het na aanleiding van die genesing van die verlamde man in die Naam van Jesus (!), word hulle uiteindelik, na talle waarskuwings om nie in die Naam van Jesus te spreek of te leer nie, losgelaat. Wanneer hulle dan weer in aanbidding verenig word met die res van die gemeente, gaan daar van hulle almal saam 'n hartlike lofgebed op na die troon van God (Hand 4:24-30).

Hulle aanbid God as die Skepper van hemel en aarde, die see en alles wat daarin is. Hulle bring in herinnering die woorde van Dawid wat getuig van die opstand teen die Here en sy Gesalfde. Hierdie God wat alles gemaak het, het nou weer sy hand uitgesteek na mense om tekens, wonders en genesings te doen. En dit gebeur baie spesifiek deur die Naam van God se "heilige kind Jesus" (Hand 4:30). Dan bid die gemeente saam. Tot Wie? Die Here? Sy Gesalfde? Dit word nie gesê nie. Dit is ook nie nodig nie! Die Here en sy Gesalfde is een Here. En wanneer die Here só aangeroep word in gebed, word hulle almal vervul met die Heilige Gees (Hand 4:31)!!

Steniging van Stefanus (Hand 7)

Daar het ons God, Vader, Seun en Heilige Gees teenwoordig en werkend, waar daar 'n eendragtige gebed opgestuur word tot ons een Here deur Wie ons is en bestaan. Is dit nie 'n latere uitvinding van die kerk wat gebede nie meer tot Christus of die Gees rig of wil rig nie? Word gebede werklik net tot die Vader gerig deur Jesus as Middelaar in die krag van die Gees? Kan ons nie in gebed uitroep: "Kom, Skepper-Gees!" nie.

Gebed tot ons een Here is die belangrike saak en daarin wil ons juis deur ons gebed tot die Seun van die mens ons duidelik onderskei van hulle wat Jesus nie as die Gesalfde van God wil erken nie. Ons gebede tot die Gees is noodsaaklik om Hom as ons Here te erken wat veel meer as net 'n krag is wat van God uitgaan. Hy is Self Here en word saam met die Vader en die Seun aanbid (Geloofsbelydenis van Nicea). Ons hoef hier geen kunsmatige kompartementering aan te bring en byna 'n angstigheid te hê wanneer ons bid nie. Laat ons bid!

Ds Eugene Viljoen *is predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Bellville*

Ons BID (met) te VEEL

- versigtige vrae, Bybelse boustene

TEMA: Gebed – suurstof vir die gelowige

Gebed is suurstof vir die gelowige. Om te kan *asemhaal* hoef jy nie eers te dink nie. Dit gaan vanself. Maar partykeer is dit nodig om bewus aandag daaraan te gee. 'n Verkeerde manier van asemhaal kan tot *hiperventilasie* lei. Net so is dit nuttig om oor jou gebedslewe te besin.

KOM ONS BID

1 Tessalonisense 5 verse 16-18:
Wees altyddeur bly. Bid sonder ophou. Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle.

Hoekom bid as God reeds alles weet?
Vertel ons nuwe dinge aan die Here wat Hy nog nie weet nie? As ons so dink, onderskat ons sy kennis. Die Here weet alles, sê Dawid:
"U sien dwarsdeur my, U ken my. Of ek sit en of ek opstaan, U weet dit, U ken my gedagtes nog voordat hulle by my opkom ... Daar is nog nie 'n woord op my tong nie of U, Here, weet wat dit gaan wees." (Ps 139:1-4). Nee, ons hoef God nie in te lig nie. Maar is *dit* 'n kriterium vir sinvolle kontak? Dan gaan dit by die huis ook maar stil word.

"Môre Pa, môre Ma. Sjoe, maar ek het lekker geslaap!" – "Dis mooi, my kind. Ek sien jy 't jou hare gesny. Haai, jou nuwe rokkie lyk te mooi!"
Gebed is nie die sewe-uur-nuus nie. *Gebed is om te kommunikeer.* Dit mag oor nuwe dinge gaan. Maar dit is nie alles nie. Gebed is ook om dankie te sê, om bly te wees, om jou trane te wys, om komplimente te gee, teleurstelling en ...
Praat ons te veel?
Bid ons te veel?

Gebed behoort mos spontaan te wees.
Kan jy op bevel bid? Dit behoort dan uit jou *hart* te kom. En nie omdat dit Sondag is of tyd vir ete nie. Kan jy op bevel liefhê? Maar die Bybel roep mans op: julle *moet* julle vrouens liefhê (Ef 5:25). En dieselfde oproep geld vir alle lidmate van die gemeente: ons *behoort* mekaar lief te hê (1 Joh 4:11). En ja, dit behoort uit die hart te kom. Christelike liefde is 'n gawe van die Heilige Gees (Rom 5:5). Dus nee, ons mag nooit op die *auto-pilot* met die Here of met mekaar omgaan nie. Roetine is dodelik. Maar sluit dit *reëlmaat* uit? Die Bybel ken vaste tye vir gebed (sien Ps 55:17). Dit help om gedurig saam met die Here te leef.

Is ek nie te sleg om te bid nie?
Ja, jy is. Mense het nie die reg om sommer by die Here aan te klop nie. Onthou jy nog die *voorhangsel* in Jerusalem se tempel? Jy kan nie naby die Here kom nie. Dit gaan jou dood word ...
Maar onthou jy ook hoedat op Goeie Vrydag die voorhangsel van die tempel van bo tot onder middeldeur geskeur het (Matt 27:51)? Vanaf dié dag het jy deur die bloed van Jesus *vrye toegang* tot die heiligdom van God gekry (Hebr 10:19-23).
Dit is nie net 'n gewoonte om jou gebed af te sluit met: *om Jesus ontwil* nie.

Daniël in gebed

Ek is te besig om te bid.
Niemand mag jou vol agenda onderskat nie. Ons samelewing vereis dat jy *24/7* beskikbaar is. Maar is dit nie ook 'n kwessie van hoe jy self jou tyd beheer nie? Kyk 'n bietjie na *Daniël* se lewe.
Hy was 'n minister in 'n wêreldryk. Maar drie keer op 'n dag het hy 'n afspraak met die Allerhoogste gehad. Dan het hy "... huis toe gegaan ... en soos sy gewoonte altyd was, het Daniël voortgegaan om drie maal per dag voor sy God te kniel en hom te prys, te aanbid en te dank." (Dan 6:10).
Sy sekretaresse het in sy agenda gekyk en gesê: Nee jammer, die minister is nie nou beskikbaar nie. Hy is in gesprek.
Geen tyd of geen *prioriteit* nie?

Gebede word tog nie verhoor nie.
Dit is reg. God reageer nie altyd soos wat jy gevra het nie. Hy bly stil. Hy stel uit. Is Hy darem betrokke?
Het die Vader *Jesus se gebed* verhoor? Hy het. Nee, Hy moes steeds voortgaan op pad na die kruis. Sy beker is nie van Hom af weggeneem nie. En tog is sy gebede deur God verhoor (lees Hebr 5:7-8).
Het die Here *Paulus se gebed* verhoor? Hy het. Nee, die doring in sy vlees is nie van hom af weggeneem nie. Maar die Here se krag het in Paulus se swakheid openbaar geword (lees 2 Kor 12:7-10).

KOM ONS BID SAAM

Om *saam* te bid, doen ons dit? Ja, by die ete – soms selfs twee keer (bid en dank). Ja, by 'n Bybelkring – dikwels aan die begin en aan die einde. Ja, op die kerkraad – dit word met gebed omlys. Maar dié gebede lyk meer formeel. Bid ons ook saam buite dié geleenthede om?

Jy besoek 'n ouer persoon wat siek is. Of 'n gesin waar 'n babatjie gebore is. Gaan bid jy met hulle? Van 'n dominee of 'n ouderling verwag ons dit. Maar jy as 'gewone' lidmaat?

Tog lees ons dit wel van die gemeente in die Nuwe Testament. Hulle het almal eensgesind volhard in die gebed (Hand 1:14, 2:42 en 12:5). Die Christelike gemeente het *aanhoudend saam gebid*. Soos Jesus vir hulle geleer het.

Matteüs 18 verse 19 en 20:
Weer sê Ek vir julle: As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemele is. Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde.

Hoekom sal ons saam bid?
Hoekom sal ons *nie*? Die Here is mos by ons (18:20). Ons hoef Hom nie op te roep nie. Ons erken Hy is daar.

Weet jy hoe pynlik dit vir dowe mense is? Die mense om jou praat en lag. Jy weet nie eers wat aangaan nie. Jy staan eenkant. Jou bestaan word ontken. So voel dit vir God as ons Hom uitsluit. Om saam te bid is nie snaaks nie. Maar om *nie* saam te bid nie ... In die gemeente is Christus aanwesig (18:12-18). In wat ons sê en doen wys ons sy soekende liefde. 'n Kerk is meer as enige ander groep mense.

'n Gemeente waar min gebid word, mag dalk ly onder 'n gebrekkige *Godsbesef.* Is ons skaam teenoor mekaar en ander?

Het saam bid 'n meerwaarde?
Jesus gebruik in 18:19 die Griekse woord *simfonie*. Om in 'n orkes saam musiek te maak, vereis dat jy saamstem. Om saam te kan bid, vereis ook *eendrag*. "Wat gaan ons aan die Here vra?"

In 'n gesin is daar aan die etenstafel soms 'n stryery. Dan is dit moeilik om eerlik saam te bid. Of in 'n huwelik. Jy kan as man en vrou nie regtig saam bid as jy nie eerlik teenoor mekaar is nie. Daar is altyd drie betrokke.

Verskille binne die gemeente van Christus of tussen kerkgenootskappe vra om gesprekke, maar veral om gebed. Maak jou saam klein voor God. Wees nie vol van jouself omdat jy reg is nie. Soek dit by die Here. Staan oop vir sy leiding. Om saam dinge by God neer te lê, dit skep *verbondenheid*.

Natuurlik, ook as ons een-een bid, gee God verhoring. Dit hang nie af van die aantal bidders of die hoeveelheid woorde nie (sien Matt 6:7-8). Ons mag nie *magies* oor gebed dink nie.
Maar die Here sê wel dat Hy bly is met ons simfoniese gebed. En Hy luister welwillend na ons.

Hoe bid jy as 'n groep?
Kinders leer by die huis om te bid. Ouers se voorbeeld is belangrik. Dié onderwerp word in die volgende artikel aangespreek. Ek noem een ding. Kom ons herstel die *amen* in ere. Amen: 'n klein woordjie met 'n groot betekenis.
Lees bv Deuteronomium 27:15-26, 1 Kronieke 16:36, Nehemia 5:13 en 8:6, 1 Korintiërs 14:16. Om amen

te sê is *om instemming te betuig.* Leer dit vir jou kinders. Dit is beter as: "eet smakelijk!" Dieselfde geld natuurlik ook vir die *amen* in die *kerkdienste*. Hier kan ons leer van ons broers en susters in Mamelodi, Nellmapius en Soshanguve. Dié is nader by die Bybel as die ouer VGK gemeentes ...

Ook sonder dit kan die gebed in die erediens meer *gemeenskaplik* word. Gee tyd vir 'n stil gebed. Gebruik 'n boek, briefies of e-pos om gebedspunte aan te dra [elke voorganger is beperk en eensydig]. Of laat meer as een die gebed in die kerk doen. Ook hier kan ons van mekaar leer. Hoe gaan ons regtig *saam* na ons Here toe?

Bid ons (met) te veel?
Is Zuma 'n Zulu? *Die kerk van Christus is 'n kerk wat bid.* Of sy is nie syne nie.
As jy wil weet hoe gewild 'n kerk is - gaan na die oggenddiens.
As jy wil weet hoe gewild die leraar is - gaan na die aanddiens.
As jy wil weet hoe gewild God is - gaan na die weeklikse biduur.

Ds T de Boer *is sendeling te Nellmapius en Soshanguve.*

HOE leer ek my KIND BID?

TEMA: Gebed – suurstof vir die gelowige

Gebed kan gesien word as die asemhaling van ons geestelike lewe. Of soos ons tema dit noem: suurstof vir die gelowige.

Om kinders te leer bid, is 'n belangrike onderdeel van die geloofsopvoeding wat ons ons kinders moet gee. Om kinders te leer bid, beteken dat 'n mens eers self moet leer bid. Eers dan kan ons dit vir ons kinders leer.

As ons bid, praat ons met God. Ons val terug op die beloftes wat Hy ons Self gegee het, in die vertroue dat Hy na ons luister.

Hoekom moet ons bid - God weet dan alles! Wat kan ons vir die Here vertel? Alles staan dan in sy raadsplan vas. God wil 'n lewende omgang met die mens hê. Hy het ons, na sy raad, so geskape dat ons sonder Hom nie kan lewe nie. Die sonde het dit versteur, maar God se ewige raad breek nie op ons sondes stukkend nie. In Christus het Hy die verhouding weer herstel. So kan die lewendgemaakte sondaars weer tot Hom kom, met Hom praat, tot Hom bid. Ons mag elke dag hierdie omgang belewe.

Die nut van die gebed is nie die verhoring van wense nie, maar om omgang met God te hê.

Is God soos 'n programmeerder van 'n rekenaarprogram? As die program klaar geskryf is, kan die programmeerder huistoe gaan, gaan slaap. Die program kan nou op homself aangaan.

Is God ook so dat alles wat Hy besluit het, so bly? God se raadsplan sal bly bestaan, maar dit is nie rigied nie. God bly altyd betrokke en laat Hom afbid. Dink aan Eksodus 32:14, Eksodus 33:11-17. Hoe is dit moontlik? Moses het gepleit op God se genade, lankmoedigheid en goedertierenheid.

> God se raadsplan bly bestaan, maar is nie rigied nie.

God laat Hom wel afbid, maar Hy laat Hom nie ompraat soos ons omgepraat kan word nie. Ons verwagtings moet reg wees. By die geskiedenis van die goue kalf het Moses tot God gebid omdat hy op God se beloftes gepleit het, maar wanneer Moses in Meriba (Num 20) vir God vra of hy die volk tog in Kanaän mag inlei, word sy gebed nie verhoor nie. Ons moet in ons gebed op God en op Sy beloftes gerig wees en nie op dit wat ons eintlik self wil hê nie.

> Ons gebede word altyd verhoor, maar ons wense word nie altyd vervul nie.

Wat verwag ons van ons gebed? Ons moet uitsien na die beloftes van God. God het ons baie belowe. Alles wat ons nodig het in lewe en in sterwe. Maar dit is nie altyd wat ons begeer nie, ook nie alles wat ons dink ons nodig het nie. As ons tot God roep, moet ons eers vir Hom luister. Die Here sorg dat die Skrifte vir ons geopen word tydens die preek, huisbesoek, katkisasie. Is daar gebede van regverdiges wat nie verhoor word nie? Nee, maar daar is 'n verskil tussen onvervulde wense en onverhoorde gebede. Deur God se genade leer

ons om ons wense ondergeskik te maak aan dit wat die Here wil. Ons bid nie om beter daarvan te word nie. Ons mag wel die vrug van die gebed verwag, naamlik die vrede met God.

> Vrug van die gebed is die vrede met God.

Vrede met God beteken dat alles weer goed is tussen God en ons. Ons ervaar dat Hy al ons node en behoeftes vir Sy rekening neem. Ons lewe is van uur tot uur in Sy hand.
Baie ouers leer hulle kinders "rympie-gebede". Dink byvoorbeeld aan "Ek gaan slaap, want ek is vaak" met slapenstyd en "Here seën hierdie kos" en "Here dankie vir die kos" by etes. Dit is goed om hiermee te begin as die kind nog baie klein is. Die kind verstaan nog nie wat hy doen nie, maar dit sal mettertyd kom. Kinders moet die roetine van 'n lewe met gebed reeds vroeg aanleer.

'n Goeie gewoonte kan nooit te vroeg aangeleer word nie. Sommige kinders gaan deur 'n fase waartydens hulle weier om te bid. Moenie dat dit lei tot 'n magstryd tussen ouer en kind nie. Vat die kind se hand en bid as ouer sy gebed vir hom/haar. As dit gaan oor die gehoorsaamheid van die kind, is daar ander oomblikke waarop die stryd gevoer kan word. Kinders moet van kleins af leer om eerbiedig te wees wanneer daar gebid word. Bid is nie sommer 'n rympie opsê nie. Bid is praat met God. Dit moet wees soos in die kerk. Voor die dominee die seën uitspreek, sê hy vir die gemeente: "Verhef julle harte tot God". Hierdie hart tot God verhef moet ook daar wees voordat enige gebed begin, want ons maak kontak met God.

Dit is nie goed as die kind vashaak by die "rympie-gebed" nie. Soos kinders ouer word, kan hulle die rympiegebed aanvul. Dit sal gaandeweg verander in 'n "vrye gebed". Dit moet in die laerskoolperiode gebeur. Baie tieners se slaapkamers is "geen toegangareas". Veral vir ouers. Dit wil nie sê dat daar dan nie meer oor geloofsake en gebed gepraat kan word nie, maar as die tiener dan nog nie kan bid nie, is ons waarskynlik te laat.

Ouers moet die kinders leer bid. Ons eie gebed is 'n voorbeeld vir hulle. As 'n moeder tydens middagete saam met die kinders bid, sal haar woordkeuse eenvoudiger wees as bv saans wanneer almal saam aan tafel is. Dit is reg so. Praat met die kind oor die gebed, oor wat in 'n gebed behoort te wees. Daar kan gevra word waarvoor gebid moet word. Daar is 'n hele aantal onderwerpe waarvoor gebid kan word. Om te voorkom dat dit nie 'n gewoonte word nie, kan 'n bidrooster gemaak word, waarby die hele gesin betrek word.

Onderwerpe kan wees:
Die gesin, familie: moeilikhede, siektes of juis aanleiding tot blydskap. Moenie die gebed gebruik om die kinders nog 'n slag te vermaan oor die stoutigheid wat hulle die dag aangevang het nie. Dit is nie waarvoor die gebed bedoel is nie en dit is ook nie liefdevol nie. Kom ons sê dankie vir God se genade van vergewing.

> Daar is geen vaste reël oor hoe 'n mens moet bid nie.

Siekes: By siekte bid ons meestal vir genesing. Hoe moet ons dan bid as iemand dodelik siek is? Bespreek hierdie gevalle met jou kinders. Ons kan bid of God die sieke krag sal gee om sy/haar siekte te dra.
Nuwe dag: Ons mag God dank vir die wete dat Hy die komende dag by ons sal wees. Die hele gesin mag daarvan oortuig wees.
Skool: Die werk wat by die skool deur onderwysers gedoen word, is nie altyd maklik nie. Hulle het ons gebed nodig.
Op pad skool/werk toe: Bid dat God ouers en kinders op hulle pad sal bewaar en dank ook bewus daarvoor dat Hy ons gebede verhoor het.

Kerk: Die hele week word daar aan kerk- en gemeentesake gewerk. Die dominee doen sy werk in die gemeente, hy maak sy preke, die kerkraad vergader, daar is huisbesoeke, Bybelstudie-verenigings. Dit is belangrik dat ons God vra vir die werking van die Heilige Gees om hierdie werk met wysheid te doen.
Regering: Ons voel dalk dat ons regering onchristelik is en ons dus nie vir hulle hoef te bid nie. Tog is die regering deur God aangestel. Hulle het ons gebed nodig. Dit is die regering se opdrag dat ons veilig kan woon en God kan aanbid. Daarom moet ons hierdie regering in ons gebede aan God opdra.
Wêreld: Daar is baie wat in die wêreld gebeur waarvoor ons kan bid: natuurrampe, politiek geweld, ensovoorts.

Daar is geen vaste reël oor hoe 'n mens moet bid nie. Ons moet ons kinders leer om sekere onderdele altyd in die gebed te noem, nl: **aanhef, lofprysing, dankie sê, voorbidding, skuld bely en vergewing vra, amen.** Ons kan kinders leer om die gebed met **Onse Vader, Getroue Vader of Onse Vader wat in die Hemel is** te laat begin. Die grond van ons gebed is dat God deur Christus ons Vader geword het. Ons aardse vader sal ons dit wat ons nodig het, nie weier nie. Ons Hemelse Vader sal dit sekerlik ook nie doen nie.

Dan kan die kind met 'n **lofprysing** voortgaan. Die Here is die belangrikste. Hy was eerste daar en het alles gemaak. Die kind bely hoe goed, magtig, geweldig, groot God is. Daar is baie om die Here voor te prys, bv die natuur, of die verstand wat ons gekry het. Die kind kan dit in sy/haar eie woorde doen of deur 'n Psalmgedeelte aan te haal.

Om te voorkom dat die kind se gebed 'n verlanglysie word, sal dit goed wees as hulle ná die lofprysing God sal **dank**. Daar is algemene goed waarvoor gedank kan word, bv die reën wat ons gekry het, dat ons skool toe mag gaan. Daar is ook spesifieke goed waarvoor die kind kan dank, bv 'n maatjie wat weer gesond is, ouma wat kom kuier het.

Dan kom ons by **voorbidding**. Ons mag vir al ons liggaamlike en geestelike behoeftes bid. Die kind leer dat daar gebid moet word vir dit wat regtig nodig is, met die vaste vertroue dat God alreeds weet wat ons nodig het.

Bid beteken ook **skuld bely** en **vergewing** vra. Kinders moet leer om selfondersoek te doen, om so vergewing te kan vra.

Kinders mag die gebed eindig met **amen**. Dit wil sê, dit is waar en seker, want my gebed is baie sekerder deur God verhoor as wat ek dit in my hart voel dat ek dit van Hom begeer.

Leer jou kinders om so te bid.

Heleen Snijder *is ma van ses en lid van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria.*

KERKNUUS

Kerknuus

Australië - *korrespondent : Ds Mendel Retief*

Sendingwerk:
Die Free Reformed Churches of Australia (FRCA) doen sendingwerk in Papua Nieu Guinea, Indonesië en China. China is nog 'n nuwe sendingsveld vir ons en is in meer as een opsig opwindend. Daar is 'n geweldige honger en soeke na die Woord van die Here. Gereformeerde lektuur en lesings word met ope arms ontvang en dringende versoeke word van orals in die wye land gehoor dat ons hulle asseblief moet kom help. Alle onderrig word ingedrink. Mense reis duisende kilometers en maak groot opofferings om na 'n paar preke en lesings te kom luister. Terwyl daar teologies groot onkunde en verwarring heers op kerklike gebied, veral weens charismatiese en "evangeliese" strominge, word die gereformeerde leer omhels sodra dit gebring word!

Alles geskied egter ondergronds en met 'n groot veiligheidsrisiko. Net die staatskerk en kerke wat by die staat geregistreer is, word toegelaat. Om egter

as 'n kerk by die staat te registreer, beteken verloëning van die evangelie en beheersing deur staatsideologieë. Christene wat "onwettig" vergader, word swaar gestraf. Terwyl sending in Papua Nieu Guinea en in Indonesië goed gevestig is en al baie jare aan die gang is, is sending in China nog maar 'n klein begin. Dit het 'n paar jaar gelede begin toe Kelmscott 'n webwerf in Chinees oopgemaak het. Die aktiewe sendingwerk loop nou maar vir twee jaar. Kelmscott doen die sendingwerk in samewerking met die Canadian Reformed Churches van Cloverdale en Langley. Die twee Kanadese gemeentes stuur hoofsaaklik een sendeling uit wat net vir kort periodes na China reis, aangesien die sendeling (sy naam word om veiligheidsredes in hierdie artikel verswyg) 'n gemeente in Kanada bedien. Kelmscott self stuur hoofsaaklik een ouderling uit wat katkisasieklasse en Bybelstudies aanbied. Die FRC Mount Nasura dra finansieel by. Groot volumes vertaalwerk is ook deur Kelmscott begin om gereformeerde lektuur in Chinees beskikbaar te stel. Binne twee jaar is ongeveer $100 000,00 aan vertaalwerk bestee, en met goeie vrug. Die moontlikhede in China lyk onbeperk – maar geld en mannekrag skiet ver tekort. Binne die enkele jare van sendingwerk op klein skaal is daar reeds talle groepe wat graag as sendinggemeentes van ons kerke wil institueer. Die Here het waarlik 'n deur oopgemaak. Mag Hy ook voortgaan om hierdie werk wat Hy begin het, te seën.

Jeugkongres 2008
Met groot dankbaarheid teenoor die Here kan ons terugkyk op 'n geseënde Jeugkongres in Kelmscott. 180 jongmense tussen 18 en 25 jaar het die kongres bygewoon van 21-24 Maart. Lesings is beskikbaar op die webwerf van die Free Reformed Church of Kelmscott en die jeug sal verder terugvoer gee in hul tydskrif "Contender" wat ook op internet beskikbaar is.

Nederland - *korrespondent : Ds Axel Hagg*

Nuus:

- Op Saterdag 15 Maart het die Sinode van die Gereformeerde kerke (vrijgemaakt) haar aanvang geneem. Die Sinode is geopen deur ds J Hagg uit Zwolle-Zuid, en hy het 'n sinode-vlag aan die bestuur van die sinode oorhandig. Die vlag sal tydens sinodevergaderings buite die kerkgebou gehys word.

- Die sinode-bestuur bestaan uit die volgende lede: Ds A de Snoo van die GKV in Leiden is die eerste voorsitter en ds B Luiten uit Zwolle die tweede voorsitter. Eerste skriba is br P Jonkman uit Amersfoort en tweede skriba dr WF Wisselink, predikant in Leek.

- Die sinodevergadering sal oor 'n aantal maande versprei word en twee dae per week in beslag neem. In die tussentyd sal die kommissies wat bepaalde sake moet ondersoek, kans kry om hul werksaamhede uit te voer.

- Dit is 'n belangrike sinode, omdat daar 'n groot aantal gewigtige sake op tafel kom. Byvoorbeeld die verhouding met die Nederlands Gereformeerde Kerk, die posisie van die vrou in die GKV, die Nuwe Bybelvertaling en die posisie van die uitgetrede gemeente in Kampen-Noord onder leiding van ds E Hoogendoorn.

- Die Sinode het benoem tot dosent Grieks by die TU in Kampen, dr EA de Boer, predikant te Zeist.

- Die sinode het ook 'n webtuiste waarop belangstellendes die sinode kan volg: www.synode.gkv.nl

- Daar is ook 'n ander webtuiste geopen deur verontruste predikante en gemeentelede (Één in waarheid), waar opmerkings geplaas kan word oor besluite wat reeds deur die sinode gemaak is: www.synodegkv.nl

- Omdat laasgenoemde webadres te veel dieselfde lyk as die sinode-adres, het die sinode versoek dat die adres moet verander.

- Die sending- en hulpverleningswerk deur die GKV (klassis Utrecht) in die Kongo word beëindig as gevolg van konflik tussen die wetlike verteenwoordigers van die Eglise Réformée au Congo en die Kongo-kommissie in Nederland. Alle Nederlandse sendelinge en ontwikkelingswerkers sal die Kongo in die komende drie maande verlaat.

Kanada - *korrespondent : Prof Arjan de Visser*

Nuus van die Teologiese Skool in Hamilton
Daar was die afgelope maande verskeie noemenswaardige ontwikkelings by die Theological College (TC) van die Kanadese Gereformeerde Kerke (Canadian Reformed Churches, CanRC).

In Januarie moes dr NH Gootjes weens gesondheidsredes as prinsipaal van die TC bedank. Hy het aanvanklik voortgegaan om sy Dogmatiek-klasse aan te bied, maar teen einde Maart is hy gedwing om sy werksaamhede geheel en al te staak.

Dit is in hierdie stadium nie duidelik wat die kanse vir die herstel van sy gesondheid is nie.

Uit die aard van die saak is die werk by die Teologiese Skool in Hamilton ingrypend geraak. Met die beperkte mannekrag wat beskikbaar is – vier voltydse professore – is die verlies van een professor 'n groot slag.

Intussen is daar verskeie besluite geneem om te verseker dat die teologiese onderwys voortgaan. Prof Jerry Visscher is as prinsipaal benoem en die Dogmatiek klasse word tydelik deur predikante uit die omgewing waargeneem. Vir die 2008-2009 akademiese jaar sal daar gasdosente gebruik word om dr Gootjes se klasse aan te bied.

Vir die eerste semester (September-Desember) is daar reeds 'n bekwame dosent gevind in die persoon van dr JW Maris van Apeldoorn (Nederland). Dr Maris het onlangs geëmeriteer as professor in Dogmatiek aan die Teologiese Universiteit van die Christelijk Gereformeerde Kerken in Apeldoorn.

Besprekings is tans aan die gang om 'n gasdosent vir die tweede semester te kry (Januarie-Mei 2009).

Wat die studente in Hamilton betref, is daar baie positiewe ontwikkelings. Hamilton is steeds 'n klein seminarie, maar die studentegetalle het gegroei tot 'n totaal van sewentien studente. Meeste van die studente is van Kanada, maar daar is ook 'n hele paar uit Australië.

Drie studente skryf hierdie maand (Mei) hul laaste eksamens. Een van hulle is vir baie lesers van *Kompas* 'n ou bekende: Cornelis Kleijn, seun van ds en mev Kleijn van Johannesburg.

Cornelis en Greta Kleijn

Cornelis en die twee ander studente beplan om in Junie klassis-eksamens af te lê met die oog op beroepbaarstelling vir die amp van predikant.
Die webwerf van die TC het onlangs 'n nuwe baadjie gekry. Vir inligting oor studieprogramme, fakulteit, biblioteek, ens., besoek www.theologicalcollege.ca

Suid-Afrika

- Beroepbaar gestel deur klassis - Suid op 14 Maart 2008: br CA van Wyk van Belhar.
- Die Sinode sal so die Here wil saamkom op Maandag 12 Mei 2008 te Kaapstad. Verslae van sinodale deputate kan aangevra word by die administrateur br AW Herder: awherder@wol.co.za

GESTUUR na die WÊRELD

Leer & Lewe

Dit bly altyd maar 'n worsteling om ons plek in die wêreld te verstaan. Die een keer hoor ons woorde soos "antitese": daar is 'n diep skeiding tussen Christene en die wêreld. Ander kere word daar gepraat oor Christene (ons as kerke) wat meer by die wêreld betrokke moet raak. Ons staan te veel eenkant.
Wat is dit nou? Antitese of solidariteit? Skeiding of betrokkenheid? Of is dit 'n middeweg: 'n bietjie van die een en 'n bietjie van die ander?

God en die wêreld
God het sy Seun na *die wêreld* gestuur (Joh 1:9-10; Joh 1:29; Joh 3:16-17; 1Tim 2:5; ens). Dikwels maak ons dan te vinnig hiervan: God het sy Seun vir *die gelowiges* gestuur. Asof God met die sending van sy Seun net sy kinders op die oog gehad het. Natuurlik sal die offer van Christus uiteindelik slegs sy kinders in hierdie wêreld tot voordeel strek. Maar God rig Hom baie breër. God soek die wêreld. God verbind Hom aan sy wêreld. Hy doen dit as Skepper en as Herskepper, ná die sondeval: Die Skepper van die *hele* wêreld soek in die Herskepping (deur sy Seun) weer die *hele* wêreld op.

As ons wil weet wat ons as Christene se posisie in die wêreld is, moet ons begin by wie God is en wat Hy gedoen het.

So sien ons byvoorbeeld in Johannes 1 hoe God Hom baie breed rig. Nadat genoem word dat die skepping aan Christus verbind word, word daar gepraat dat Christus die lig *van die mense* is (Joh 1:3-4). In die duisternis van die wêreld kom Christus as lig vir alle mense (Joh 1:5). Soos wat God in die skepping die lig gegee het vir alle mense, so stuur Hy nou in die herskepping van die wêreld Christus as lig vir alle mense.

God het die hele wêreld op die oog! So ver en wyd strek dit. Maar ook meer as dit: Met sy lig het God die *duisternis* op die oog. God het die volle werklikheid van hierdie wêreld se duisternis op die oog: Elke vorm van ellende en dwaasheid waarin die mens homself kan dompel. So diep en ernstig staan God in die wêreld!

God – Christus - kerk

Met hierdie doel voor oë het God sy Seun na die wêreld gestuur. En op sy beurt het die Seun vir ons, sy kerk, gestuur. Dus, wanneer ons God se bedoeling met Christus sien, leer ons ook ons eie posisie in die wêreld verstaan. So byvoorbeeld sien ons dat God se kinders die lig van die wêreld genoem word (Matt 5:14), maar dat dit direk in verband staan met Christus wat as lig in die duisternis kom skyn het (Matt 4:16).

Om dit so te stel: God rig Hom *met Christus* op alle mense, die hele wêreld – Christus rig Hom *met ons* op alle mense, die hele wêreld. Christus kom skyn sy lig *in* die duisternis – Christus kom skyn sy lig deur ons (!!) *in* die duisternis.

In die lig hiervan kan ons stel:

Wie wêreldgelykvormig in die wêreld staan, het sy verbinding met Christus opgegee.

Wie met Christus buite die wêreld staan, het sy verbinding met God se bedoeling opgegee.

Wie die eie Christelike karakter (lig) prysgee, het sy krag in die wêreld verloor.
Wie met sy lig onder die maatemmer staan, het sy doel in die wêreld verloor.

As ons dus wil praat oor die verhouding tussen kerk en wêreld (ons as gelowiges se posisie in die wêreld), dan kan ons nie kerk-gesentreerd of wêreld-gesentreerd of iets tussenin wees nie. Ons kan nooit ons posisie bepaal deur te fokus op die kerk of op die wêreld nie. Slegs wanneer ons Christus-gesentreerd is, word God se bedoeling met ons 'n werklikheid. Want dan kom daar diepe en unieke gemeenskap met die kerk (die volk van Christus!) én 'n ernstige en volhardende opsoek van die wêreld (die gerigtheid van Christus!).

Slegs deur in hierdie saak *alle* fokus op die Persoon van Christus te rig, word hierdie spanningsveld van "*in die wêreld, maar nie van die wêreld nie*" opgelos.

Ingevryf in die wêreld

Hoe sterk hierdie gerigtheid op die wêreld moet wees, word duidelik uit die beeld wat die Here Jesus in Mattheüs 5:13 gebruik: "*Julle is die sout van die aarde*". Allereers is dit pragtig om te besef dat sout aan iets smaak gee. Dit wat smaakloos is, word deur sout smaak gegee. Juis God se kinders (sout) maak die smakelose wêreld vir God nog die moeite werd! Wat 'n vreugde vir ons Vader dat ons in die wêreld is! Sout voorkom ook verrotting. Dit voorkom dat alles in die rigting van verderwing beweeg. Dit is behoudend, en in hierdie opsig gee dit lewe. Wat 'n diens wat ons vir ons Vader mag verrig!

Maar wie kan hier ooit in selftevredenheid en selfgenoegsaamheid verval? Sout is uiteindelik maar net 'n alledaagse artikel. Op sigself uiters algemeen. Dit het *slegs* waarde in sover dit sy funksie verrig: om volledig *ingevryf* te word. Wanneer dit los staan van alles, verloor dit sy werking. Die sout moet heeltemal inwerk in alles, tussen alles, by alles. Dit beteken: Volledig in ons omgewing ingevryf en betrokke wees!

Die Here Jesus wys met hierdie woorde tog in 'n ander rigting as wat ons byvoorbeeld by die Jode gevind het. Die Jode het gesê dat die *Woord van God* die sout van die aarde is. Maar vir Christus is dit nog te min, te onbetrokke, te staties. Dit is *mense wat deurdrenk is van die evangelie* wat werklik smaak en lewe gee aan die samelewing. God gebruik nie slegs sy Woord vir die wêreld nie, maar die volle mens word ingetrek om God se doel te bereik.

Ons vreemdelingskap kan dan ook nooit inhou dat ons ons *op enige manier* onttrek uit die samelewing nie. Uit 1 Petrus 2:11 e.v. lei ons juis af dat ons vreemdelingskap lê in *onthouding* en *toewyding*: Onthouding van die sonde, toewyding aan God (en so: toewyding aan goeie werke). Op geen manier mag die radikaliteit van hierdie onthouding en toewyding opgegee word nie! Ons krag lê nie daarin om die grense uit te vee, aan te pas of die lig 'n bietjie uit te doof nie. Ons enigste (aantrekkings-)krag lê in ons volledige en onopgeefbare verbinding aan Christus. Dit maak ons vreemdelinge!

Dit beteken juis ook: Ons maak nie 'n breuk met die sondige samelewing nie, maar 'n breuk met die sonde. Ons distansieer ons nie van ons sondige naaste nie, maar van sy sondige lewensweg.

Vreemdelingskap is: 'n goeie en skoon lewenswandel *te midde* van 'n krom en verdraaide geslag. Vreemdelingskap is nie iets wat iewers in 'n hoek gebeur nie. Dit is 'n saak wat die wêreld moet opval: Hierdie mense is anders, vreemd! Hulle kom uit 'n ander "wêreld".

Vryblywend?

In die lig van bostaande kan hierdie gerigtheid op die wêreld nie 'n vryblywende saak word nie. Kyk hoe ernstig is juis die tweede deel van Mattheüs 5:13!
"... maar as die sout laf geword het, waarmee sal dit gesout word? Dit deug nêrens meer voor as om buite gegooi en deur die mense vertrap te word nie".

In die konteks gaan dit natuurlik oor die verbondsvolk Israel, vandag kan ons dit ook deurtrek na die kerk. 'n Volk wat sy krag as sout verloor het (deur laf te word, en/of deur nie meer ingevryf in die deeg te wees nie), het sy waarde verloor. Vertrap! Die konsekwensies van 'n lewe waar die sout sy waarde verloor het, is skrikwekkend!
Daar is dus 'n ernstige skadukant wanneer ons ons posisie en lewe nie laat bepaal deur Christus nie.

Rig u volledig op Christus, en u posisie en lewe as Christen in die wêreld val verseker volledig in plek. Rig u op uself, die kerk of die wêreld, en u sal verseker u doel mis – met die gevolge wat hieraan verbind word. Vlug dan na Christus as u enigste en volkome Verlosser, ook in hierdie saak!

> Ons mag vir alle mense sigbaar maak wat die werklike onderskeid is tussen kerk en wêreld: God wat Hom in sy genade aan ons verbind het.

Let op die genade

Ons mag dus nooit die saak prysgee waarvoor God sy Seun gestuur het nie – nie die gerigtheid op die wêreld nie, en ook nie die volledige heiliging van ons lewe nie. Duidelik 'n *lig*, maar dan ook 'n lig *in* die duisternis.
Vader se groot liefde en genade; Sy ope arms waarmee Hy uitsien na die gemeenskap met sondaars; Sy versorging, doodgewoon omdat Hy ons so ontsettend liefhet; ons Verlosser se totale selfverloëning vir slegte mense soos ons; Sy radikale keuse om arm te word, sodat ons lewe oorvloediglik ryk kan wees; Sy lewe wat Hy afgestaan het vir mense wat sy vyande was; ons Trooster se enorme geduld met mense soos ek wat elke keer weer probeer om myself te help, myself te regverdig, my eie kop te volg; Sy wil om tussen diep ellendige sondaars te woon, om vrede en rus en vreugde te bring, deur die oë en harte na die Vader en Seun in die hemel te rig.

Ons het geen woord om oor onsself te sê nie. As dit gaan oor die onderskeid tussen kerk en wêreld: Let op God en sy genade!
Juis omdat ons gesien het hoe hierdie Drie-enige God *so* in ons lewe gekom het, weet ons ook *hoe* om met sy genade in hierdie wêreld teenoor ander sondaars te staan. Juis omdat ons weet hoe groot die prys is wat God betaal het vir hierdie genade, kan ons nie meer swyg nie. Ons móét uitdeel, aanhoudend, volhardend - maar ons móét ook reageer wanneer dit vertrap word. Juis daardeur wys ons hoe diep en ernstig God Hom met die duisternis bemoei! So diep en ernstig dat daar geen middeweg moontlik is nie...

(DV sal ons volgende keer ingaan op 'n paar maniere hoe ons hande en voete hieraan kan gee)

Ds J van der Linden *is emeritus predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Johannesburg.*

VERTROUE – stap 2

Leer & Lewe

Vooraf
Hierdie artikel is 'n vervolg op ds Kees Kleijn se artikel "*Waaroor is ons bekommerd?"* in die Maart-uitgawe van *Kompas*. Dit is nie in die eerste plek 'n reaksie nie, maar dit bou daarop voort. Aan hierdie artikel het 'n e-pos-rondte tussen 'n aantal predikante voorafgegaan, waaronder ds Kleijn. Saam het ons dit belangrik geag om 'n tweede stap in die bespreking van hierdie onderwerp te doen.

Die saak is nie net van groot belang nie, dit is ook 'n gevoelige saak. Ek wil daarom ook baie dankie sê vir die ondersteuning van my kollegas by die skryf van hierdie artikel.

In kort beklemtoon ds Kleijn in sy artikel dat ons as Christene nie te maklik saam met so baie ander in die land moet kla nie. Daaruit kan 'n verkeerde houding spreek, dié van negatiwiteit. So 'n houding van negatiwisme werk verlammend. Ons moet bereid wees om ongemakke te verdra (soos kragonderbrekings). Ons kan ook nie die toekoms voorspel nie, maar ons weet dat die toekoms in God se hand is, en ons moet op Hom vertrou, ook wat betref die situasie in Suid-Arika.

Ds Kleijn se artikel lê nadruk op wat ek sal noem ***stap 1***. Stap 1 is die grondhouding in ons lewe. Dit is 'n houding van vertroue, totale oorgawe van ons lewe aan God. God bepaal die geboorte- en sterfdag van elkeen van ons. En ons weet dat geen misdadiger of wie ook al iets daaraan kan verander nie. Daarom word 'n Christen se lewe gekenmerk deur vertroue - dankbaarheid in tye van voorspoed en berusting in tye van teëspoed.
In hierdie artikel lê die fokus op wat ek noem ***stap 2***. Ons moet naamlik besef dat dit op die oomblik juis van die grootste belang is dat die bevolking van Suid-Afrika meer begin kla. Of laat ek 'n ander uitdrukking gebruik: hulle stem begin dik maak. 'n Beroep om op God te vertrou en verder niks te doen nie, is juis gevaarlik.

Dualisme
In Afrikastate is dit naamlik oor die algemeen 'n groot leemte dat enige dualisme afwesig is. Hierdie woord *dualisme* moet dan nie verstaan word in teologiese of filosofiese sin nie, maar soos die woord oor die algemeen in die politieke en sosiale wetenskappe gebruik word. *Dualisme* beteken hier dat daar in 'n land 'n magsbalans behoort te bestaan tussen die staat enersyds en die bevolking andersyds. In Westerse demokrasië is dit oorwegend die geval dat 'n staat nie sommer enigiets ongestraf kan doen nie. Daar bestaan naamlik teenkragte.

Die balans tussen die staat aan die een kant en die teenkragte aan die ander kant (vanuit die bevolking, die pers, die finansiële en juridiese sektor, ens.) is iets wat met verloop van tyd ontwikkel het. Maar in ongeveer alle Afrikastate is hierdie balans (nog) afwesig, daar bestaan geen gesonde dualisme nie.

Dit is een van die oorsake vir die feit dat regerings in Afrika hulle ongestraf aan die grootste korrupsie, wandade en misdade kan skuldig maak. In die politieke wetenskappe is daar selfs 'n nuwe term hiervoor uitgevind om die tipiese Afrikastaat te beskryf: kleptokrasie[1]. 'n Outeur wat baie indringend oor hierdie onderwerp geskryf het, is die vooraanstaande Ghanese ekonoom George Ayittey[2].

Kleptokrasie
Enkele aanhalings uit Ayittey se boek *Africa in Chaos:*

"It is disheartening and shameful when Africa's own ambassadors, who incessantly appeal to the international community for humanitarian aid, themselves exercise no scruples whatsoever in grabbling what they can from the little aid meant for poor, starving peasants."
"Food for the people! People's power! Houses for the masses! are simply empty slogans that are designed to fool the people and the international community."
"Of course, Africa has a police force and judiciary system to catch and prosecute the thieves. But the police are themselves highway robbers, under orders to protect the looters, and many of the judges are themselves crooks… The worst is the military – the most trenchantly perverted institution in Africa."
"The evolution of the predatory state began innocently after independence… These leaders did face enormous social problems and political dilemmas… Improvisation was necessary… they also

[1] *Kleptokrasie* is afgelei van die woord *kleptomaan*, wat dui op 'n persoon wat 'n onbeheersbare drang het om te steel. *Kleptokrasie* dui dan op 'n owerheid met 'n onbeheersbare drang om te steel.
[2] George Ayittey is op die oomblik voorsitter van die *Free Africa Foundation* in Washington DC, VSA. Bekende boeke van sy hand is: *Africa Unchained: the blueprint for development; Africa in Chaos; Africa Betrayed*.

lacked experience in government… All this is granted, but that should not excuse their dogged obstinacy, intolerance of criticism, and adamant refusal to change course when things were going glaringly wrong."
"Politics is viewed as essentially extractive. The state sector … is seen as a source of wealth, and therefore, personal aggrandizement."
"Since independence, the majority of the African population – mostly rural communities --has looked to the educated minority for leadership. The educated people who have not disappointed their people are only a select few… To most of them, education means no more than power and wealth at the expense of their poor uneducated compatriots."
"In Kenya many people in government have the biggest accounts in foreign banks. Critics of the Moi government say there is more money from Kenyans in foreign banks than the entire Kenyan foreign debt… Kenya's situation is not unique to the country. It is a reality found… throughout Africa…"
"To become rich in Africa, one does not have to produce anything. All one has to do is to enter politics, become a government official, and use the office to amass a huge personal fortune."
"In Africa and other parts of the Third World, the rich got wealthy by exploiting their position in government. By contrast, the rich in the rich countries got rich by producing and selling a commodity or a service."

Tot sover die analise van 'n kritiese intellektueel uit Afrika self. Nou is hierdie op die oomblik 'n nogal taboe onderwerp in Suid-Afrika. Ons wil so graag glo dat die situasie in Suid-Afrika anders is as in die res van Afrika. Tog mag ons ons oë nie hiervoor sluit nie. Ons almal hoop natuurlik van harte dat Suid-Afrika nie so bergafwaarts sal loop soos ander Afrikalande na hulle onafhanklikheidswording nie.

Hoe dit in die toekoms sal gaan, weet ons nie. Maar dit wat in die hede gebeur, daarvoor moet ons nie blind wees nie. En dit is helaas 'n feit dat hierdie selfde soort *kleptokrasie* ook in alle regeringslae in Suid-Afrika (nasionaal, provinsiaal en munisipaal) deeglik posgevat het. Daar is amper nie 'n staatsdepartement wat weggekom het sonder 'n sogenaamde gekwalifiseerde ouditeursverslag nie. Daar is ook al baie aanwysings dat die georganiseerde misdaad 'vaste kontrakte' met sommige sittende regeringspersone (nasionaal, provinsiaal, munisipaal) gesluit het. Op wydverspreide skaal (nie net die elektrisiteitskrisis nie) word die samelewing en infrastruktuur op die oomblik alreeds onder druk geplaas vanweë wanbestuur. Hierdie is nie vermoedens is nie, maar publieke feite. Die feit dat ons regering geensins krities staan teenoor die buurland Zimbabwe se diktator en sy regime nie, is op sig genome al 'n slegte teken.

Kortom, dit is hoog tyd om te begin kla. Dit is ons plig om te kla – konstruktief te kla. In hierdie fase waarin ons land verkeer, is dit baie belangrik dat daar gekla word. Daar moet baie dringend in Suid-Afrika 'n magsbalans ontstaan tussen die regering en die samelewing. Sonder reële druk uit die publieke sektor gaan landsleiers (nasionaal, provinsionaal, munisipaal) weinig doen. Deurgaans beklee hulle hul setels met as eerste prioriteit die veiligstel van eie belange en dié van hulle afhanklikes. Dienslewering kom eers daarna aan die orde. Die behoeftes van die bevolking op straat net so. Die swak bestuur en onderhoud van landsbates soos krag, mediese dienste, water, paaie, ensovoorts is direk hieraan te wyte. Die uitreik na die honderdduisende vigspasiënte wat elke jaar sterf en hulle naasbestaandes is duidelik ook nie die eerste prioriteit van president Mbeki nie, om oor Zuma maar te swyg.

Ons moet dit natuurlik nie doen uit 'n houding asof ons beter is nie. Die neiging om te steel ('kleptokrasie') sit by ons almal in ons ou mens, en dit steek in elke land in die wêreld kop uit. Maar die geskiedenis van die afgelope halfeeu leer wel dat dit in Afrikastate tot ongelooflike dieptepunte kan lei, omdat daar geen magsbalans of teenkragte aanwesig is nie.

Dit is natuurlik maklik om al hierdie kommerwekkende dinge te ignoreer en maar net met jou daaglikse lewe aan te gaan. Maar is dit werklik wat van ons gevra word as Christene in Suid-Afrika? Emosioneel is niemand lus hiervoor nie. Ons is nie meer lus om koerant te lees nie, dit maak 'n mens net depressief. Ons verkies om met die gewone lewe aan te gaan. Maar is dit korrek?

Verantwoordelikheid
Ons sal moet besef dat vertroue op God ons eie verantwoordelikheid nie uitsluit nie, maar insluit. Om in ontkenning te leef is nie verantwoordelik nie. God se beskerming verplig ons om ons eie oë oop te maak. Stap 2 van

ons vertroue op God beteken dat ons aanpas by die omstandighede waarin ons geplaas is. Statisties is Suid-Afrika op die oomblik een van die gevaarlikste lande in Afrika. Uiteraard is dit van plek tot plek verskillend. Wie op Pofadder woon, kan dalk nog met die ou manier van lewe aangaan. Maar dit geld beslis nie vir Gauteng nie. Ons kan nie meer in Suid-Afrika leef soos wat ons al die jare gewoond was nie. Natuurlik vertrou ons honderd persent op God se beskerming, dit is stap 1. Maar onderdeel van God se beskerming is ook dat Hy vir ons honderd persent 'n verantwoordelikheid gee.

Ons verantwoordelikheid noop ons ook om 'n realistiese scenario van die komende jare te probeer skets. Natuurlik hoop ons elke dag dat God onverwags ten goede sal ingryp, maar dit ontslaan ons nie van die plig om te beplan nie. Op hierdie oomblik lyk 'n realistiese scenario op sy mins onseker. Onlangs het Zuma in die buiteland gesê dat dit sy en die ANC se strewe is om die komende jare die misdaad met 10% per jaar af te bring soos dit die afgelope jare die geval was. Ons weet egter dat die afgelope paar jaar geen daling in misdaad getoon het nie. Op sy positiefste het dit die afgelope vyf jaar ewe erg gebly. Roofoorvalle op residensiële areas het die afgelope jaar selfs met 25% gestyg! Dit was slegs moontlik vir Zuma om hierdie stelling te maak deurdat die ANC die statistieke eensydig gebruik. Weer eens, tensy God onverwags ten goede ingryp, sal ons die les uit die verlede van post-koloniale Afrika moet trek dat daar nog swaar tye vir ons te wagte staan. Dink daarnaas ook aan die aanhoudende impak van die VIGS-pandemie op die samelewing. As ons vyf jaar se vigssterftes by mekaar optel (200 000 x 5) dan is dit veel meer as byvoorbeeld al die mense wat in die vyf jaar van die Tweede Wêreldoorlog in Nederland omgekom het. As die slagoffers van geweld (15 000 per jaar) daarby getel word, is dit nog meer. Kortom, ons leef in 'n buitengewoon getroumatiseerde samelewing.

Weer eens, hierdie feite skryf ek nie uit negatiwisme nie. Ek glo dit is stap 2 van ons vertroue op God. Ons woon in Suid-Afrika, en dus moet ons bewus wees van die erns van die huidige situasie in Suid-Afrika. As Christen mag jy nie blind wees vir die nood van so baie om jou heen nie, 'n nood wat dalk skielik ook oor jou kan kom.

> Ons land het bidders en klaers nodig.

God se beskerming stel ons verantwoordelikheid nie op nonaktief nie. Soos iemand dit uitgedruk het: ons sal ons veiligheidshigiëne baie moet verbeter. Miskien onthou sommiges nog dat dit in die sewentiger- en tagtigerjare van die vorige eeu gebruiklik was om noodplanne te oefen. Op skool - onthou ek - het ons enkele kere per jaar die sogenaamde noodplan geoefen, om voorbereid te wees mog daar dalk 'n bom ontplof of wat ook al. Dit was in die spanningsvolle jare van die ANC wat nog verban was en die bomontploffing in Kerkstraat, Pretoria.

As ons egter na die situasie vandag kyk, is die risiko veel hoër. Is dit nie deel van ons verantwoordelikheid om weer 'n noodplan op te stel nie? Vir jou gesin tuis, om voorbereid te wees in die geval van 'n roofoorval, of 'n kaping, of 'n gyseling in 'n bank of winkel. En hoe is die situasie by die kerk, as ons deur die week in die aande so met oop deure vergader? As elke besigheid wat homself respekteer, 'n sekuriteitsplan het, hoekom sou die kerk dit nie hê nie? Ons moet God nie versoek nie.

Ons roeping vereis aanpassing

God gee vir ons 'n roeping in hierdie land, dus sal ons ook moet aanpas by die situasie van die land. Ons kan nie meer lewe soos twintig jaar gelede nie. Wie nie lus is vir al die geweldstories nie, wie nie kennis wil neem van die stroom van berigte in koerante, oor die radio en televisie nie, stel hy nie sy lewe moedswillig in gevaar nie (Sondag 40)? Dit hoort ongelukkig deesdae by ons samelewing dat hoë hekke noodsaaklik is, alarms met gewapende reaksie, straatpatrollies... En 'n veiligheidsoefening, waar 'n mens leer hoe om jouself te gedra in 'n roofoorval of kaping of gyseling, is geen oorbodige luukse nie. Dit is ook nie net vir paranoïese mense nie. Dit moet 'n standaard item word vir ons en ons kinders.

Hierdie dinge moet vir ons 'n prioriteit wees op ons persoonlike begroting, bo 'n tweede vakansie per jaar, of 'n duurder motor. En wie al hierdie duur beveiliging nie kan bekostig nie, moet kan reken op diakonale hulp. Dit is geen luukse nie, maar noodsaak. Laat ons in hierdie verband ook nie ons broeders en susters in die townships vergeet nie, wat volgens die statistieke aan nog hoër risiko's blootgestel is as ons. Daar is 'n verskil tussen doemdenke en nugterheid met betrekking tot die situasie in die land. Hierdie bydrae wil op die noodsaak wys dat ons die realiteit onder oë moet sien, nie om depressief te word nie, maar om gepaste aksie te onderneem, sodat ons kan voortgaan om die taak te vervul wat God ons hier gegee het.

Hierdie artikel is geskryf vanuit die aanname dat God ons in Suid-Afrika 'n taak gee, en dat ons sal

moet aanpas om die taak te kan bly uitvoer. 'n Vraag wat in baie se gedagtes speel, is of dit nie maar beter is om die land te verlaat nie. Dit voer te ver om in hierdie artikel ook aandag hieraan te skenk.

Vir baie is hierdie 'n gevoelige onderwerp. Laat ons in wysheid hierdie saak met mekaar bespreek. Miskien kan die ou generasie wat destyds na Suid-Afrika geïmmigreer het, vir die jonger generasie raad gee oor wat dryfvere moet / mag wees by emigrasie.
Miskien is dit oorbodig, maar aan die einde van hierdie artikel wil ek net beklemtoon dat ons by die bespreking van hierdie onderwerp ons skoon moet hou van oppervlakkige swart-wit denke. Inteendeel, saam met die swart ekonoom Ayittey, saam met vele bruin, swart en wit mense, moet ons ons stem dikmaak teen al die onreg wat op ons kontinent plaasvind.

Ds Kleijn het sy artikel afgesluit met: "Ons land het geen klaers nodig nie, maar bidders". Dit moet ons basiese houding wees, stap 1 van ons vertroue op God. Hierdie artikel kan saamgevat word met: ons land het bidders en klaers nodig. Nie uit negatiwisme nie, maar uit die roepingsbesef dat ons 'n soutende sout moet wees. Laat ons bid, tydig en ontydig, vir die hooggeplaastes in ons land (nasionaal, provinsiaal, munisipaal), of God hulle genadig wil wees en die meerderheid van hulle wil terugbring van die korrupte pad waarop hulle hul begeef het. En verder sal ons nie net staan en toekyk hoe die bose die oorhand kry nie. Ons sal nie anderkant toe kyk as ons naaste ly nie. Dit is stap 2 van ons vertroue op God. God se beskerming sluit die maatreëls wat ons neem nie uit nie, maar in.

Ds Pieter Boon *is sendeling in Soshanguve.*

GILEAD

- balsem vir die siel

Kuns & Kultuur

"Die mooiste boek wat ek in 'n lang tyd gelees het", skryf 'n resensent van *Reformatorisch Dagblad*, Nederland. Marilynne Robinson het met die boek *Gilead* (gepubliseer in 2004) baie opslae gemaak. Sy wen daarmee in Amerika die hoogaangeskrewe Pulitzer Prize en die National Book Critics Circle Award. Volgens baie is sy die beste hedendaagse skrywer in Amerika. Die boek is 'n blitsverkoper in sowel Christelike as nie–Christelike kringe. Wat maak hierdie boek so besonder? Dit terwyl die hoofpersoon – 'n bejaarde dominee op 'n plattelandse dorpie - met die eerste oogopslag maar 'n stowwerige persoon is?



Geestelike testament
Die verteller in die boek is die 77-jarige John Ames. Hy is 'n ou dominee uit die plattelandse dorpie Gilead iewers in Iowa, Amerika. Dit is die jaar 1950. Die boek is 'n brief aan sy sewejarige seuntjie. Hierdie kind is die seën op 'n tweede huwelik wat Ames op hoë leeftyd gesluit het, na 'n lang en eensame lewe omdat sy eerste vrou en kind op die kraambed gesterf het. John Ames het hartprobleme, die dokters verwag dat hy spoedig sal sterf. Hy sal sy seun nie sien opgroei nie.

Daarom skryf hy hierdie verslag van sy lewe as 'n soort geestelike testament. Die bedoeling is dat sy seun dit sal lees as hy self volwasse geword het. Die boek gaan verder as bloot die herinneringe van 'n ou man. Dit word 'n meditasie oor die verhouding tussen vaders en seuns, die gebrokenheid van die mens en die sin van die lewe. Die veslag lei Ames ook terug oor vrae rondom die geloof. Veral omdat hy al die derde in 'n generasie 'Congregational' dominees in Amerika is.

Een-oog profeet
Toe John Ames jonk was, het sy oupa (ook 'n John Ames) by hulle in huis gewoon. Hy was 'n ietwat eksentrieke figuur met sy een-oog en uitsonderlike gewoontes.

In die uitoefening van sy geloof was hy baie radikaal. Niks in die huis was veilig vir die oupa nie. Hy sou enigiets vir die armes gee en sou selfs die wasgoed van die wasgoeddraad af steel om dit vir iemand te gee wat dit nodig het.

John Ames (snr) was 'n groot teenstander van slawerny. Hy het 'n keer 'n visoen gekry van Christus in kettings. Dit het hom geïnspireer om in sy prediking die gemeente op te roep om te gaan veg in die burgeroorlog vir die afskaffing van slawerny.
Die gevolg was dat baie van sy manlike gemeentelede in die oorlog gesterf het.

Tog het hy dit as 'n noodsaaklike offer vir hierdie visioen van vryheid vir alle mense gesien. Om krag by sy woorde te sit, het hy selfs 'n keer gaan preek met 'n bebloede hemp en 'n rewolwer aan sy sy. Self het hy 'n oog op die slagveld verloor – iets waarop hy baie trots was.

Pasifis

Daar was 'n groot kloof tussen John Ames se oupa en pa. Sy pa (eweneens John Ames) het voor 'n gemeente te staan gekom van hoofsaaklik weduwees en families waar een of meerdere lede in die burgeroorlog aan die dood afgestaan is. In teenstelling tot sy pa kan hy dit nie sien as 'n offer wat hulle moes bring vir die voleinding van die slawerny nie. Hy sien hulle as slagoffers van 'n sinlose oorlog. Die oorlog het op die ou end nie tot die beëindiging van slawerny gelei nie. Hy walg van die oorlog en van sy pa se verheerliking daarvan. Sy pa se pistool waarmee hy so gespog het, gooi hy in die rivier nadat hy dit so goed as wat hy kon vernietig het.

Op sy beurt het die ou John Ames hierdie seun van hom daarvan beskuldig dat hy nie regtig visioene van Bo kon kry nie en hy het selfs soms na 'n ander kerk gegaan as sy seun gepreek het. Behalwe hierdie kloof tussen vader en seun, is 'n mens bewus van die onver-breekbare band wat tog tussen hulle bestaan. As oupa John Ames wegloop na die Kansas (die gebied waar sy eerste gemeentes was) en daar sterf, veroorsaak dit baie wroeging by sy seun. Hy gaan deur baie moeite om sy graf te vind - 'n lang reis waarop hy sy seun (die verteller John Ames) saamneem en wat op laasgenoemde 'n diep indruk gemaak het.

Afvallige

John Ames (die verteller) het 'n broer gehad, Edward. Hy was 'n baie begaafde jong man en daar is groot dinge van hom verwag. Met finansiële hulp van die gemeente is hy Duitsland toe gestuur om daar Teologie te gaan studeer. Groot was die teleurstelling en verdriet vir sy ouers toe Edward terugkom – hy het sy geloof verloor. Juis as gevolg van sy studie het hy kennis gemaak met ander idees en gedagtes en die geloof van sy ouers as naïef begin sien. Edward het iewers in 'n stad in Amerika gaan woon en daar dosent geword in Duits en filosofie. Hierdie gebeurtenis het 'n groot invloed op die verteller John Ames gehad. Dit het hom beïnvloed om in die dorpie Gilead te bly en sy pa se gemeente te lei.

Wanneer John Ames se ouers oud word, gaan hulle om gesondheidsredes by sy broer Edward woon. Ironies genoeg kom sy pa dan onder die invloed van Edward se idees. Hy skryf 'n brief aan sy seun John Ames (die verteller) waarin hy hom aanraai om sekere boeke te lees. Hy suggereer selfs dat sy seun met die naïewe geloof van hom sou voortgaan, gesien die feit dat hy op so 'n afgesonderde plattelandse dorpie woon.

> Die geloof is vir hom nog steeds 'n bewuste, ingeligte keuse

Hierdie brief raak John Ames tot in sy siel en hy verbrand dit. Hy kan dit nie hanteer nie dat sy pa insinueer dat sy eie geloof berus op naïewe voorveronderstellings. Hy het al die boeke waarop sy broer roem, al lankal gelees, maar die geloof is vir hom nog steeds 'n bewuste, ingeligte keuse.

Poëtiese styl

Marilynne Robinson word veral geroem oor die pragtige styl waarin sy skryf. Sy skryf op 'n meditatiewe manier en volg die gedagtes van John Ames soos dit in hom opkom. Soms gaan dit oor diep dinge – oor teologie, die hiernamaals, oor God. Maar dan word dit weer afgewissel met observasies uit sy omgewing of annekdotes oor sy seuntjie, die gemeente of uit sy familiegeskiedenis.

Michael Dirda skryf in *The Washington Post* oor hierdie skryfstyl: *"So serenely beautiful and written in a prose so gravely measured and thoughtfull, that one feels touched with grace just to read it."*

Miskien is dit hierdie selfde skryfstyl wat ook veroorsaak dat sommige lesers teleurgesteld die boek eenkant laat lê. Dit is nie 'n boek wat 'n mens vlot lees nie. Daar is ook geen spanningslyn in die boek wat 'n mens snags uit die slaap sal hou omdat jy dit eenvoudig nie kan neersit nie. Aan die ander kant is dit wel 'n boek wat 'n mens sal lees en herlees.

Marilynne Robinson
Marilynne Robinson het in 1981 gedebuteer met die roman *Housekeeping*. Haar bewonderaars moes lank wag vir die volgende. Gilead is naamlik die eerste roman wat sy daarna weer die lig laat sien het. Intussen het sy haar besig gehou met polemiese nie–fiksie werke. So het sy 'n boek geskryf *Mother Country* (1989) oor atoomenergie. In *The Death of Adam* gaan sy in teen die moderne denkwêreld en die vals sekerhede van byvoorbeeld sosio-biologie en die fundamentalistiese vrye markdenke.

Marilynne Robinson

Sy pleit vir die herwaardering van mense soos Johannes Calvyn, Jonathan Edwards en Dietrich Bonhoeffer.

Marilynne Robinson het 'n doktersgraad in Engels en doseer aan die Universiteit van Iowa. Sy is 'n mee-lewende lid in 'n 'Congregational Church' in Amerika.

Balsem uit Gilead
Wat is dit wat hierdie boek so besonder maak? Dit is baie knap geskryf, maar dit is ook die inhoud wat mense boei. Dalk gee die titel 'n aanduiding. Gilead verwys na 'n gedeelte in Jesaja waar daar gepraat word oor balsem uit Gilead. Daar bestaan 'n Negro–Spiritual wat sing: *"There is a balm in Gilead to make the wounded whole…to heal the sinsick soul."*

In 'n gejaagde wêreld waar geld, vinnige sukses, korttermyn oplossings baie keer die botoon voer, kom Marilynne Robinson met 'n boek met teenoor-gestelde waardes. Merle Rubin som dit goed op in 'n resensie in die *Los Angeles Times Book Review*: *"At a moment in cultural history dominated by the shallow, the superficial, the quick fix Marilynne Robinson is a miraculous anomaly: a writer who thoughtfully, carefully, and tenaciously explores some of the deepest questions confronting the human species…*
Poignant, absorbing, lyrical…Robinson manages to convey the miracle of existence itself".
('n Nederlandse vertaling van die boek is beskikbaar by die mediateek van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria)

Jenny Boon *het 'n graad in Beeldende Kunste.*

BEN van der LUGT (IRTT-DVN)

Onderhoud

De Verre Naasten (DVN) is die instituut vir Sending, Hulpverlening en Opleiding van die Gereformeerde Kerke (Vrygemaak) in Nederland en is aktief in Benin, Kongo, Egipte, Nigerië, Suid-Afrika, Indonesië, Filippyne, Indië, Curaçao, Suriname, Kenia, Brasilië, Venezuela en Oekraïne. Die werk wat deur DVN gedoen word, is eerstens gerig op versterking van kerke en gemeentes (leierskapsopleiding, teologiese opleiding, ensovoorts) en tweedens is daar allerlei programme en projekte wat 'n bydrae probeer lewer aan die maatskaplike omgewing waarin die kerk leef en werk (alfabetisering, mikrokrediete, onderwys, landbou, ens).

Die werk word finansieel moontlik gemaak deur die ongeveer 25 000 donateurs en verder ook vanuit kerke en skole in Nederland. Ons het gesels met Ben van der Lugt, adjunk-direkteur van die DVN en hoof van die opleidingsafdeling van DVN (IRTT - Intercultural Reformed Theological Training) tydens sy onlangse besoek aan Suider-Afrika.

Ben van der Lugt

Op watter manier is IRTT in Suider-Afrika betrokke ?

IRTT het eintlik drie soorte programme vir drie verskillende doelgroepe en vanuit elk van die programme is daar wel 'n verhouding met Suid-Afrika.

Eerstens bied die IRTT ondersteuning aan sendende kerke in Nederland by beleidsontwikkelling met betrekking tot 'sending en hulpverlening'. Omdat die wêreld, en ook die Derde Wêreld, baie dinamies is, duik daar gereeld uitdagings op, waarby IRTT help om dit te oordink en nuwe beleid daar te stel.

Ook vir die VGKSA het ons in die verlede by verskillende geleent-hede so 'n adviserende rol gespeel, en ons het dit waardeer om op hierdie manier iets te kon bydra in die uitdagings wat daar was. Dieselfde het ons gedoen vir ander kerke soos die NGK (Nederlands Gereformeerde Kerke), saam met wie ons op hulle sendingsterrein in KwaZulu-Natal beleidsveranderings in werking gestel het.

Verder bied die IRTT 'n opleiding van enkele maande aan sendelinge (wanneer hulle uitgestuur word na die buiteland) om hulle op hul taak voor te berei. Dit doen ons vir ons eie kerke (die GKv), maar ook die Christelik Gereformeerde Kerke (CGK) en Nederlands Gereformeerde Kerke (NGK). Dit was byvoorbeeld die geval by ds Pieter Boon toe hy na Suid-Afrika gekom het. Ook ds Tjeerd de Boer en ds Dirk Maurits Boersma sal 'n aangepaste program by IRTT volg ter voorbereiding op hulle tweede fase as sendelinge.

Derdens probeer IRTT 'n bydra te lewer in die opleiding van die kerklike leiers uit die Derde Wêreld. Dit is juis hier waar daar 'n groot tekort is aan geskoolde en ervare leiers wat die groeiende kerke moet dien. Ds Jerry Mhlanga en br George Mnisi het byvoorbeeld al van hierdie programme van ons in Nederland bygewoon.

Wat is u indrukke van die kerklike/sending-situasie in Suider-Afrika; is daar groot verskille met wat u in die verlede hier ervaar het?

Tydens die apartheidsjare het ek Suid-Afrika by verskillende geleenthede besoek. In daardie jare is dit as vanselfsprekend gesien dat die vorming van etniese kerke die doel van sendingswerk was. Daardie tyd is verby en dit het 'n groot invloed op die terrein van 'kerk en sending'.

Ek was onder andere op besoek by prof Derrick Mashau (hy is hoogleraar aan die Teologiese Skool van die GKSA te Potchefstroom en 'n vorige deelnemer aan 'n IRTT-kursus), wat my vertel het van uitdagings wat daar bestaan in die GKSA, waar swart en blanke kerke probeer om 'n bepaalde vorm van eenheid te bewerkstellig. Ek het baie respek vir die wyse waarop die VGKSA haar kerkstruktuur ingerig het met die oog op die nuwe situasie: een kerkverband met die kerke wat uit die sendingswerk voortgekom het, en dus geen etniese kerke en in beginsel dus ook geen etniese gemeentes nie.

Dit gaan natuurlik nie sommer vanself nie. Ook predikante in KwaZulu-Natal - waar die NGK(NL) 'n 'etniese' kerk gevestig het - het my vertel van hulle frustrasies by die klassisvergaderings waar 'integrasie' ter orde moes kom, oor die keuse van die taal wat gebruik moes word, ensovoorts.

Ben van der Lugt tydens 'n seminaar in Indonesië

Verder is dit te verwagte dat ander inhoudelike probleme aan die orde sal kom : byvoorbeeld die finansiële kant van integrasie. Vroeër het dit ongeveer so gegaan: 'n ryk kerk in Nederland vestig 'n kerk êrens in die Derde Wêreld en die kerk was onvermydelik arm. Dus bied die ryk kerk finansiële hulp aan die arm kerk, ver weg in die Derde Wêreld, en dring daarop aan dat die arm kerk hom sal inspan om so gou as moontlik selfversorgend te wees. Dit lewer spannings op, maar vanuit beleidsoogpunt was gereken dat dit verantwoord is. Daardie arm/ryk probleem kom deur integrasie binne een kerkgemeenskap te lande; die idee van selfversorgend wees is in hierdie geval nog minder geskik as wat dit vroeër al was.

Ongetwyfeld sal dit ook in Suid-Afrika groot uitdagings oplewer. Die feit dat hierdie proses deur die kerke in Suid-Afrika aangepak word, is na my oordeel 'n saak om baie dankbaar voor te wees.

Die vraag is al meermale gestel *(*onder ander na aanleiding van die onlangse gebeure in Kenia) *: het die Christendom werklik "wortel geskiet" in Afrika*? Wat is u indrukke in daardie opsig van die kerk in Suider-Afrika in 2008?

Ek verstaan waarna verwys word as mense dit sê, maar as 'n algemene oordeel is dit wel baie riskant. 'n Mens sou tog regtig moet differensieer en nuanseer as jy 'n uitspraak wil doen oor iets só kompleks van aard. 'Christendom' byvoorbeeld. Daar is so 'n groot variasie van verskillende 'sending' wat daar vanuit Europa en Amerika oor Afrika uitgestort is; daar was ook so 'n onoorsigtelike verbrokkeling van kerke in Afrika: hoe verpak jy dit alles in een term 'Christendom' en spreek dan die oordeel uit : *'dit het geen wortel geskiet nie'*? Buitendien suggereer so 'n uitspraak dat oppervlakkigheid iets tipies vir Afrika sou wees en dat die oorsaak daarvan ook uitsluitend by Afrika gesoek moet word. Dit glo ek nie: dit is 'n probleem van alle tye – toe die kerke in die Hellenistiese wêreld gegroei het, toe kerke geplant is in die Europese wêreld en toe daar vanuit Europa sendingswerk gedoen is in die Derde Wêreld. Kerk, teologie en spiritualiteit wat dan ontstaan is altyd 'n vermenging van evangelie en konteks, kultuur en geskiedenis. Natuurlik bestaan daar 'oppervlakkigheid', ook in Afrika; maar daar is nie 'n enkele, helder oorsaak nie – daar is meerdere oorsake: wat was die teologiese en spirituele kwaliteit van die verkondiging en van die verkondigers (die sendelinge)? In watter historiese konteks het die sendelinge hulle doelgroep ontmoet (imperialisme, ensovoorts)?

Dit word veral riskant as ons so 'n opmerking persoonlik sou projekteer op ons broeders en susters van die 'swart kerke' waarmee ons te doen kry. Ek neem aan dat ook daar wel oppervlakkigheid en vermenging van oud en nuut aangetref sal word (waar nie?), maar ek is daarvan oortuig, onder andere deur kontakte met enkele voorgangers, dat daar ook 'n diepe spiritualiteit en egte vroomheid te vinde is. Ook op teologiese terrein kan 'n mens dit sê: hoe jy ook al dink oor die teologie in Afrika, die verwyt van oppervlakkigheid is te maklik.

Wat sien u as die grootste uitdaging / bedreiging vir die kerk in Suider-Afrika ?

Uit ervaring het ek geleer dat 'n mens op dié vraag verskillende aspekte sou kon noem, maar altyd ontdek jy weer dat dit in een of ander vorm ook vir die kerke in Nederland of elders in die wêreld geld. Vanuit ons kontak met kerke in Afrika het ons byvoorbeeld geleer dat die charismatiese beweging op kerklike en teologiese gebied 'n groot uitdaging vorm. Die kerke in Zimbabwe het ons versoek om aan hierdie onderwerp 'n seminaar te bestee en dit het gelei tot verdere studie en uiteindelik tot die gesamentlike dokument (*The Candlestand Statement)* wat probeer om op teologiese gebied helderheid te skep ten opsigte van hierdie uitdaging. Dit het op sy beurt 'n bydrae gelewer tot 'n taamlik hewige diskussie oor hierdie onderwerp in die kerke in Nederland.

Maar goed, om dan tog iets spesifieks te noem: my vermoede is dat die integrasie van die kerke in die nuwe Suid-Afrika 'n belangrike uitdaging kan wees, met al die beleidsvrae wat daarmee saamgaan (opleiding, finansiële aspekte, ensovoorts).

Ook die groot verandering in die politieke omgewing sal nuwe eise aan die kerke in Suid-Afrika stel: daar is geen 'spesiale band' wat die nuwe owerheid het met die kerke nie, soos wat daar vroeër wel was. Miskien stel dit nuwe eise aan die kerklike eukumene in Suid-Afrika: 'n mens raak so meer van mekaar afhanklik om te kan oorleef. Ook 'n ander missionêre uitdaging, byvoorbeeld: sending is nie meer vanselfsprekend gerig op die bekering van 'swart volke' nie.

De Verre Naasten

Bly IRTT en DVN se aandag in die komende jare op die Derde Wêreld, of is daar 'n verskuiwing na opleiding, sending en hulpverlening op die eie voorstoep (Oos-Europa, ensovoorts) ?

In aansluiting op die vorige antwoord: ook in Nederland het daar 'n verskuiwing begin plaasvind. Vroeër was sending dit wat ons in die Derde Wêreld gedoen het. Aan die einde van die negentigerjare gaan toe vir ons die 'Tweede Wêreld' oop, 'n geheel ander wêreld. Alleen al op kerklike gebied: behalwe die heidendom was daar ook 'n kerk (die Oosters-Ortodokse Kerk) met 'n eeuelange kerklike en teologiese tradisie. Maar dit het nog verder gegaan: die eie wêreld van Wes-Europa het sendingsterrein geword!

Dus ook daar is missionêre verkondiging en gemeentestigting. Maar hoe doen 'n mens dit dan?

DVN en IRTT volg hierdie ontwikkellings. IRTT moes ook mense oplei wat na die Tweede Wêreld uitgestuur word: daarvoor moes ander opleidingsprogramme ontwerp word. Maar ook die mense wat vir die projekte in Nederland self gebruik sal word, moet op hul taak voorberei word. DVN en IRTT is besig om die bestaande beleid, wat, tradisioneel gesien, inderdaad op die Derde Wêreld georiënteer was, aan te pas en om te buig sodat ons ook kan bydra aan hierdie relatief nuwe ontwikkelings.
Baie uitdagend dus!

Ben van der Lugt *was vir ongeveer 17 jaar werksaam op Irian Jaya (Papua, Indonesië) en het later vir byna vier jaar in Oekraïne bygedra tot die ontwikkeling van 'n opleiding vir evangeliste. Vanaf 1997 is hy betrokke by IRTT: eers as medewerker vir organisatoriese en onderwyskundige ondersteu-ning; later as voltydse verantwoordelike vir die totale program. In 1998 voltooi hy sy studie Kulturele Antropologie en Nie-Westerse Sosiologie aan die Vrye Universiteit in Amsterdam.*

Bostaande onderhoud is deur ***Jan de Mooij*** *(lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria Maranata) gevoer.*

KOMPAS is die maandblad van 'n stigting wat deur lidmate van die Vrye Gereformeerde Kerke (VGKSA) in die lewe geroep is. Indien u die VGKSA nader wil leer ken, is u welkom om met een van die onderstaande predikante of sendelinge in verbinding te tree:

- **Ds C Kleijn :**
  Shammah 26, Theunisstr, Weltevredenpark 1709; tel 011 679 1646 / dskleijn@mailshack.com
- **Rev T Mogale :**
  19675 Phathudistr, Mamelodi-Oos 0122; tel 012 801-7937 / t.mogale@telkomsa.net
- **Rev MP Magagula :**
  575 Blok GG, Soshanguve 0152; tel 012 798-1553 / magagula@telkomsa.net
- **Ds P Nel :**
  Fratesweg 775, Rietfontein, Pretoria, 0186;tel 012 331-0931 / rufusnel@mweb.co.za
- **Ds E Viljoen :**
  Mountainviewrylaan 36, Ridgeworth, Bellville 7530; tel 021 919-9149 / eviljoen7@absamail.co.za
- **Ds HH van Alten :**
  Walterlaan 1295, Waverley 0186; tel 012 332-3256 / hhvanalten@vgkmaranata.org.za

Sendelinge in diens van die kerke is:

- **Dr JA Breytenbach :**
  Blackwoodstr 12, Bellair, Bellville 7530; tel 021 919-4215 / hmbreytenbach@gmail.com
- **Ds CF Nicholson :**
  Patoustr 33, Amanda Glen 7530; tel 021 975-9994 / c.nicholson@absamail.co.za
- **Ds PG Boon :**
  Dunwoodielaan 1201, Waverley 0186; tel 012 332-1028 / pgboon@vgkmaranata.org.za
- **Rev J Mhlanga :**
  Kerkgebou, 624 Blok WW, Soshanguve-Suid; tel 012 791-0983 / jmhlanga@vgkmaranata.org.za

Tema van die volgende KOMPAS:

Gebed – suurstof vir die gelowige

TE GEVESTIG om te GETUIG?

Reaksie : Klip in die Bos

Sal dit 'n goeie ding wees om kerkstrukture so te verander dat **jong geïnstitueerde gemeentes** meer baat kan vind by die ervaring van gevestigde gemeentes? Hierdie voorstel is in 'n artikel in *Kompas* Maart 2008 geopper.

'n Uitbouing van die voorstel is of ons nie veranderende kerkstrukture nodig het om die **gevestigde gemeentes** te help om te **getuig** in hul omgewing nie. Waarom getuig die jong gemeentes in hul omgewing? Hoekom is die evangelisasie aksies van die gevestigde gemeentes maar yl? Het die jong gemeentes 'n ander benadering, meer geloof, meer vertroue of meer liefde vir ons Drie-Enige God?

In die *Kompas* Februarie 2008 het ds Mhlanga die Christenskap belig en plaas hy die klem van Christen-wees op: "... sodat ek sy Naam kan bely..." (Hk, Sondag 13, v/a 32). Ons is in die wêreld geplaas om God te dien en eer; een van die belangrikste opdragte is om ons naaste van ons Verlosser te vertel. In die artikel bespreek ds Mhlanga die motiewe waarom ons moet getuig, maar noem ook 'n paar voorbeelde van hoe om te getuig, nl: persoon tot persoon, Bybelstudie, kerkdienste en pamflette wat bespreek word met nie-gelowiges. Lees gerus weer die artikel.

Wat egter nie genoem word nie, is die keuse en benadering van hierdie metodes. Op 'n onlangse sendingsvergadering het ds Mhlanga verduidelik hoe doelgroepe in sy gemeente geoormerk word. Die geestesstrominge, bekommernisse, teleurstellings, verwagtings, ensovoorts van 'n spesifieke groep of area word geïdentifiseer.

Een groep is byvoorbeeld die teleurgestelde, charismatiese kerkganger wat nie die menslike beloftes van voorspoed ervaar nie, 'n ander groep die losbandige jeug wat soek na vaste waardes en norme. Die benadering in gesprekke met mense uit die twee groepe sal uiteraard verskil, alhoewel daar oor dieselfde geloof en Here gepraat word. Maar dit verg beplanning en voorbereiding voordat gesprekke aangeknoop word.

Die vraag is waarom **gevestigde gemeentes** nie 'n planmatige manier van evangelisasie navolg nie. 'n Lidmaat uit een van die gevestigde gemeentes het eenmaal gesê dat almal in sy omgewing Christus ken, waarom moet ons dit dan herhaal? Ander weer sê dat ons geen reg het om hierdie mense by hul kerk weg te trek nie, hulle moet self keuses maak, hulle ken mos die Bybel.

In altwee stellings is daar 'n skaamte, of is dit 'n onwilligheid, om met ander wat die Bybel ken, te praat. Of is dit 'n ongemaklikheid en onkunde hoe om met ander oor die Bybel, oor God ons Vader, oor Christus ons Verlosser, te praat sonder om kerkverbande te noem?

Die teenstelling in benaderings van **evangelisasie** en **kerkadministrasie** is totaal uiteenlopend tussen **gevestigde** en **jong** gemeentes in ons kerkverband.

In gevestigde gemeentes is daar klem op tyd, formele afsprake, kerkadministrasie en uitgewerkte begrotings, maar geen nadruk op beplande evangelisasiemetodes en -benaderings nie. In die jonger gemeentes word baie tyd daaraan bestee om groepe te identifiseer, mense se lewensvrae en leemtes te bepaal, hoe om gesprekke te benader, mense kerk of Bybelstudie toe te nooi. Ja, miskien moet ons 'n gesamentlike kerkraad vorm sodat ons van mekaar kan leer? Of is daar ander maniere hoe ons van mekaar kan leer?

Harry Pouwels *is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata en dien as voorsitter in die Sendingkommissie van hierdie gemeente.*

BOEKEnuus

TEMA: GEBED

Roep mij aan - over de praktijk van ons bidden - deur H Westerink

Persoonlike gebed - 'n onderwerp wat aktueel is vir jonk en oud. Die titel van die boek is ontleen aan Psalm 50:15 en gee uitdrukking aan God se liefderyke gebod om tot Hom te bid. Hierdie boek spreek onderwerpe aan soos hoe moeilik dit is om te bid, die seën wat daarin kan lê vir onsself en vir ander, en oor die eer wat ons Vader daarin ontvang.
Die boek is geskryf vanuit die praktyk en gee telkens antwoorde uit die Skrif, met baie Bybeltekste in die kantlyn. Dit is in eenvoudige taal geskryf en is geskik vir sowel persoonlike gebruik as vir gesamentlike Bybelstudie.

Pray with your eyes open - looking at God, ourselves, and our prayers - by Richard L. Pratt Jr.

With remarkable care and balance the author discusses key issues: from fascination with God to honest confession of our deepest needs, from concerns about form and freedom prayer to questions about body language and fasting. Pratt tackles head-on issues that can puzzle us the most.

- Why pray when God will do whatever He pleases anyway?
- Does God ever change His mind?
- Can we get anything we want by asking for it in Jesus' Name?
- Is it right to argue with God?

Discussion questions, practical exercise and assignments with each chapter help to make this book ideal for study groups as well as individual use.

Gevouwen handen, open ogen - deur ds P Groenenberg

Mag ons bly bid vir kinders wat die Here die rug toe gekeer het?
Het ouderlinge die gawe van gebedsgenesing?
Wat is die betekenis van ons gebed vir konings/presidente en vir die sending?
Het dit sin om te bid vir rus, wysheid en wederkoms?
Die outeur bespreek uitvoerig hierdie en meer vrae oor die gebed. Dit doen hy na aanleiding van dertien Nuwe Testamentiese tekste wat handel oor bid en gebed. So word duidelik dat ons gebed baie keer so algemeen is en nie konkreet nie. Hierdie boek wil 'n bydrae lewer tot ons gebedslewe, dat ons ons oë oop het na binne en na buite.
(Slegs tweedehands beskikbaar)

Why pray if God already knows? - by D F Kelly

"One of the biggest questions about prayer is not 'How do you do it?' but rather 'Do we know Who we are speaking to?' ….. The God of the Scriptures has great blessings stored up for His people, but He has so planned it that those blessings can only be released by the prayers of His people."

FOLMER BOEKHANDEL
Bondstraat 7, Oakdale Bellville 7530
Tel: (021) 948-5883
e-pos: folmerboek@telkomsa.net
Posbus 1453, Sanlamhof 7532

- - -

Folmer Boekhandel (Pretoria)
(Irene van der Meer)
Laseandralaan 115
0186 Môregloed
Tel/Faks: (012) 333 8064
e-pos: folmerpta@mweb.co.za
Posbus 26489
0031 Gezina

Stigting Woord en Wandel
(Eienaar & Uitgewer)
Gilles de Jager (voorsitter)
Berend Kamphuis
Freek van der Meer
Louise Ros (administrasie)

Posbus 23931, Gezina, 0031
Tel 012 332 0127
E-pos (stigting & administrasie):
kompas.admin@vgk.org.za

Drukker:
Printburo Tel 012 335 9134

Redaksie:
Ds Erik van Alten
Jan de Mooij
Greet de Vries
Marlene de Vente

Subredakteurs:
Venster op die Bybel:
Ds Pieter Nel
Onderwys en Opvoeding:
Heleen Snijder
Wilma Pouwels
Elders Gelees:
Ds Erik van Alten
Samelewing & Politiek:
Willie Spies
Leer en Lewe:
Ds Kees Kleijn
Wetenskap & Tegnologie:
Lodewijk IJlst
Medies:
Dr Theo de Vries
Geskiedenis & Kerkgeskiedenis:
Dr Jan Meijer
Sending & Evangelisasie:
Jan de Mooij
Kuns & Kultuur/Resensies:
Jenny Boon
Klip in die Bos:
Hans Moes
Onderhoude/Verslae:
Greet de Vries

Redaksieadres:
Cunninghamlaan 1301
Waverley 0186
e-pos : kompas@vgk.org.za

Advertensies:
Navrae by die Administrasie

Elektroniese betalings:
Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode : 16 03 45
Reknr : 1603 031 820
Vermeld asb u naam en lidnommer

Intekengelde (per jaar):
RSA per e-pos : R50
RSA per hand : R100
RSA per pos : R125
Buiteland per e-pos : €10
Buiteland per seepos : €30
Buiteland per lugpos : €40

Advertensies

▫ ■ ▫ ■ ▫

Daar is nou geleentheid om **advertensies** in KOMPAS te plaas. Indien u hiervan gebruik wil maak, kontak asb. die administrasie

▫ ■ ▫ ■ ▫

Indien u **Kompas** as 'n geskenk wil gee of van iemand weet wat dalk belangstel, is u welkom om die besonderhede van die persoon aan die administrasie deur te gee.
Dalk wil u iemand anders geleentheid bied om KOMPAS te lees deur 'n donasie …

▫ ■ ▫ ■ ▫